# JEUGLES: Diere, Nommers en Kinders van die Bybel

## 1. Praise and Worship

## 2. INSTRUKSIES VIR DIE AAND:

- Vanaand gaan ons so bietjie anders as die vorige twee aande werk, ons gaan gebruik maak van PowerPoints.
- Voor elke PowerPoint gaan ons ‘n ysbreker doen wat pas by die PowerPoint.
- Daarna gaan elke groep ‘n blaai kry wat genommer is volgens hoeveel slides die PowerPoint het.
- Ek gaan die PowerPoint laat hardloop, en julle moet in die groepe by die antwoord probeer uitkom en dit neerskryf op die BLAAI.
- Aan die einde van die PowerPoint gaan ek die antwoorde gee en julle gaan kyk hoeveel julle reg het.

## 3. POWERPOINTS:

### 3.1 Diere van die Bybel

**Ysbreker:**

Twee groepe sit bymekaar vir die ysbreker. Die speletjie begin by die leier wat hulle naam sê en dan ‘n dier wat se naam met dieselfde letter as jou eie naam begin bv. Ek is Annatjie die Apie. Beweeg kloksgewys na die volgende persoon die moet dan jou naam sê, Dit is Annatjie Apie en ek is Tammy die Tier ens. totdat almal ‘n beurt gehad het. Hierna doen ons die PowerPoint Speletjie.

### 3.2 Kinders van die Bybel

**Ysbreker:**

Ons gaan die ‘musical chairs’ idee vir hierdie ysbreker gebruik, i.p.v. rondom stoele hardloop, stuur julle ‘n boksie met vrae in die rondte. Elke keer as die musiek stop, gaan moet die persoon wat die boksie vashou ‘n vraag uit die boks haal en ‘n vraag beantwoord. Hierna doen ons die PowerPoint Speletjie.

### 3.3 Nommers in die Bybel

**Ysbreker:**

Elke groep kry ‘n liniaal of maatband en ‘n lys van goed wat hulle moet meet, en op die einde al die mates optel vir ‘n totaal. Hierna doen ons die PowerPoint Speletjie.

## 4. Sluit af met gebed en deel selfone uit.